| Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging | Posbus 902<br>HARTENBOS<br>6520 |
| --- | --- |
| **Hartenbos Vakansiedorp**<br>**Huiseienaars Vereniging**<br>**...vir die lede** | **Tel : 071 784 5275**<br>E-pos: status1@status-mark.co.za<br>www.hartenboshuiseienaars.co.za |

**NUUSBRIEF JUNIE 2026**

**Geagte Lede,**

'n Vriendelike groet vanaf die Bestuurspan.
Dit is amper ongelooflik dat ons reeds by die middel van die jaar gekom het. Ons wil graag ons opregte dank uitspreek vir elkeen se samewerking en ondersteuning – dit maak 'n groot verskil.
Om almal op hoogte te hou, wil ons die volgende sake uitlig:

1. **Verantwoordelikhede van Bestuur**

   **Oordbestuurder** - Ondersoek is ingestel of die Oordbestuurder se take 'n vol- of halfdagdiens regverdig. Daar is bevind dat die Oordbestuurder vir eers voldag gaan aanbly.

| **Werksaamhede van die Oordbestuurder Maart/April/Mei 2026** | |
| --- | --- |
| | |
| Werksaamhede | |
| | |
| Besoek aan Sekuriteit | 61 |
| Patrollies deur Oord | 61 |
| Monitor kameras vir korrektheid | 76 |
| Straatligte buite werking aan Munisipaliteit rapporteer | 5 |
| Varswaterlekkasies aan Munisipaliteit gerapporteer | 2 |
| Onderhoud/herstelwerk deur kontrakteur | 3 |
| Onderhoud/herstelwerk self | 6 |
| Kwotasies verkry | 9 |
| Monitor stormwater aflope tydens vloede | 4 |
| Monitor grassnydienste per week | 2 |
| Besoeke aan grassnykontrakteur | 25 |

| | |
|---|---|
| Aandag rakende reëls nie nagekom nie | 6 |
| Skade aan privaat eiendom gevind en aan eienaar gerapporteer | 4 |
| Bouplanne nagesien | 18 |
| Onwettige bouwerk | 4 |
| Monitor boupersele | 2 |
| Navrae/klagtes van Lede hanteer | 17 |
| Samesprekings/skrywes ATKV | 4 |
| Samesprekings/skrywes Munisipaliteit | 6 |
| Admin deurlopend | |

**2. Sekuriteit**

Die Sekuriteitsbestuurder, Gerhard Marais is, verplaas en vervang met J.J. Fivaz selnommer 069 006 3118. Ons heet mnr. Fivaz hartlik welkom hier by Hartenbos HVHV.

Bestuur is bewus van 'n onlangse voorval waar SMHART Sekuriteit nie binne 'n redelike tyd op 'n klagte gereageer het nie. Bestuur het met SMHART Sekuriteit gekommunikeer en maatreëls is in plek gestel om 'n herhaling te voorkom.

**3. Vullisverwydering**

Vullissakke bly 'n kopseer. Nadat die Munisipaliteit die HVHV Bestuur in kennis gestel het oor die blou sakke wat nou Dinsdae saam met die swart sakke verwyder sal word, was daar feitlik elke week nog probleme en moes dit onder die aandag van die Munisipaliteit gebring word. Die sakke word tans as volg verwyder: Maandae: groen en Dinsdae: swart en blou.

Bestuur wil graag die eienaars wat self ook ingegryp het om met die Munisipaliteit te skakel oor die sakke wat nie verwyder word nie, bedank vir hulle samewerking. Eendrag maak mag!

Ons wil u graag net weer daarop wys dat die vullisvragmotors al om 08:00 sakke begin verwyder. Indien sakke nie teen 08:00 uitgeplaas is nie sal die sakke nie verwyder word nie.

Daar is nog sakke wat nie op die regte dae soos voorgeskryf is, uitgeplaas word nie. Ons vra weer u samewerking in hierdie verband en bedank u by voorbaat daarvoor.

## 4. Aanvrae van Vullissakke

Vullissakke word driemaandeliks deur die Munisipaliteit verskaf en daarom is Lede geregtig op 'n pakkie sakke elke drie maande.

Om te voorkom dat sekuriteit heen en weer moet ry om vullissakke af te lewer is die volgende reëling ingestel:

1. Nadat die Munisipaliteit die sakke afgelewer het, sal Sekuriteit sakke vir permanente inwonende Lede aflewer.
2. Ander Lede kan sakke op Maandae, Woensdae en Vrydae tussen 09:00 en 11:00 by Sekuriteit aanvra (064 847 9585/063 514 7011). Sekuriteit sal dit aflewer terwyl hulle normale patrollies.

## 5. Tuindienste

Eienaars is self verantwoordelik vir die snoei van bome binne hulle erwe en die verwydering van die takke. Dit gebeur die afgelope tyd dat bome gesnoei word en die takke gelaat word sonder dat Tuindienste daarvan ingelig is. Tuindienste daag op om gras te sny en nie om takke wat rondlê weg te werk voor hulle kan begin nie. Takke moet in baie gevalle kleiner gesny en eers verwyder word voordat met die gewone dienste voortgegaan kan word. Lede word versoek om in die vervolg Tuindienste vooraf in te lig sodat hulle beplanning kan doen om sulke vertragings uit te skakel.

Gras word elke tweede week gesny. Onkruid op plaveisel en opritte word dieselfde tyd (elke tweede week) bespuit indien weersomstandighede dit toelaat. Indien dit nie nodig is nie kan dit langer uitmekaar bespuit word. Breëblaaronkruid op grasperke word een keer per jaar gedurende Julie/Augustus met Banweed bespuit. Dit staan eienaars vry om self op eie koste meer gereeld hul gras te laat sny en om hul plaveisel en gras onkruidvry te hou indien hulle so verkies.

Waar gras tot teenaan huise groei, is dit baie moeilik vir die Tuindienste om die gras te sny sonder dat gras- of onkruidsnysels teen die mure van 'n huis spat. Die Tuindienste is egter versoek om spesiaal aandag daaraan te gee.

## 6. Onderhoud van eiendom

Eienaars word hartlik bedank vir hulle samewerking om wonings en tuine in 'n baie netjiese toestand te onderhou. Daar is egter nog wonings en tuine waaraan aandag geskenk kan word en eienaars van daardie eiendomme word versoek om asseblief die nodige aandag daaraan te verleen en sodoende by te dra tot die waardeverhoging van alle eienaars se eiendom in die Vakansiedorp.

## 7. Elektriese Bromponies



U aandag word daarop gevestig dat die Mosselbaai Munisipaliteit hierdie tipe elektriese bromponies nie wetlik toelaat op openbare strate of geplaveide openbare areas nie, tensy die gebruik daarvan uitdruklik deur toepaslike kennisgewings gemagtig word.
Hierdie beperking is in ooreenstemming met die Nasionale Padverkeerswet (Wet no. 93 van 1996) sowel as toepaslike Munisipale Verordeninge (Bywet 35 – 2025) en is daarop gemik om die gesondheid en veiligheid van elke inwoner en besoekers aan Mosselbaai te beskerm.

Neem Kennis:

- Daar is 'n verskil tussen elektriese bromponies en elektriese fietse.
- Elektriese fietse word op openbare paaie toegelaat.
- Elektriese bromponies word nie toegelaat nie, tensy dit deur duidelike amptelike tekens aangedui word.

## 8. Dalmanuthalaan en Radynstraat

Met verwysing na die Facebook-plasing oor die suksesvolle vergadering van 24 April 2026 tussen die HVHV, die ATKV, DA-Burgemeester Dirk Kotzé en die Mosselbaai Munisipaliteit, is belangrike uitklaring verkry rakende die verantwoordelikhede van die onderskeie partye.
Tydens die vergadering is bevestig dat die HVHV onthef is van die kostes wat voorheen aan die Vereniging toegedig is. Verder word die HVHV nie meer as 'n ontwikkelaar beskou nie. Gevolglik is die kostes en verpligtinge waarvoor die HVHV voorheen aanspreeklik gehou is, nie meer van toepassing nie.

Hierdie uitkoms bring groter sekerheid oor die rol en verantwoordelikhede van die HVHV en verwyder die finansiële aanspreeklikhede wat voorheen aan die Vereniging gekoppel was. Ons waardeer die konstruktiewe samewerking tussen alle betrokkenes wat tot hierdie positiewe resultaat bygedra het.

**9. Beleid : Proses vir indien van klagtes deur HVHV Lede teen HVHV Lede**

Nadat die konsep van die klagteprosedure aan eienaars versprei is, is waardevolle terugvoer ontvang. Alle insette is deeglik oorweeg en daar is dienooreenkomstig op die kommentaar aan eienaars gereageer. Bestuur is tans besig met 'n verdere ontleding van die prosedure om te verseker dat dit ten volle in ooreenstemming is met die Grondwet en die toepaslike regsraamwerk. Daar word ook sorg gedra dat die prosedure billik en gebalanseerd is, sodat dit nie die regte of belange van die klaer of die aangeklaagde benadeel nie. Sodra die proses afgehandel is, sal die hersiene prosedure weer aan eienaars gekommunikeer word.

**10. Waterbeperking**

Waterbeperkings is na die goeie reënval opgehef.

**11. Stormweer rondom 11 Mei 2026**

Stormweer het heelwat skade rondom Hartenbos veroorsaak. Ons was gelukkig om lig daarvan af te kom. 'n Groot boom het omgewaai en 'n groot boom se tak is afgewaai. In beide gevalle was die paaie versper. Ons wil ons dank aan Dirkie Tuindienste uitspreek daarvoor hy die boom en tak so vining opgesaag en verwyder het. Verder wil ons ons dank aan Smhart Sekuriteit uitspreek omdat hulle behulpsaam was om die paaie van kleiner takke wat van bome afgewaai het, skoon te hou.

**12. Versekering**

Bestuur is tans besig om die beskikbare opsies te ondersoek om die kameras en ander toerusting voldoende te verseker. Die doel is om te verseker dat waardevolle bates teen moontlike verlies, skade of diefstal beskerm word.
Verskeie versekeringsopsies word geëvalueer om die mees geskikte en kostedoeltreffende oplossing vir ons behoeftes te identifiseer.

**13. Nasien van planne**

Daar moet kennis geneem word dat daar kostes verbonde aan die nasien van planne is. Die kostes is betaalbaar alvorens dit deur die HVHV aan die nasiener gestuur word en/of voordat dit deur HVHV gestempel/goedgekeur of kommentaar daarop gelewer word en beloop tans die volgende bedrae:

13.1. Planne vir nuwe wonings – Eerste en tweede nasien R2 750,00 en elke nasien daarna R650,00.

13.2. Planne vir aanbouings/verbeteringe/soos gebou/ ens. – R650,00 vir elke nasien.

13.3. Besoek aan bouperseel (uitklaring van onduidelikhede) – R290,00 vir elke '30 minute' of gedeelte daarvan.

Boulyne is essensieel vir die nasien van planne en moet asseblief op planne aangedui word. Wanneer 'n boulyn oorskry gaan word, moet vooraf toestemming van die bure verkry en saam met die planne ingedien word. Die nodige dokumente daarvoor is by die Munisipale Bouafdeling se kantoor beskikbaar.

Onwettige strukture of strukture wat saam met ander strukture, waarvoor planne nuut ingedien word, aangedui word as bestaande strukture is nie aanvaarbaar nie en daarvoor moet *soos gebou planne* ingdien word. Byvoorbeeld: U dien nou 'n plan vir 'n afdak in en bring 'n struktuur wat onwettig is, op die plan aan as bestaande en/of indien daar nie 'n struktuur bestaan nie, dien u 'n plan vir 'n afdak in en bring die voorgenome struktuur op die plan aan as bestaande. Formele planne moet asseblief in sulke gevalle ingedien word.

Die Siviele heffing van R15 500,00 maal 1.5% (R232-50) per vierkante meter vir bouwerk, aanbouings, verbeteringe en R1 200,00 maal 1.5% (R18-00) per vierkante meter vir die aanbring van plaveisel, stutblokke, stutmure, grensmure, nuwe braaiplekke, ensovoorts bly van krag en is betaalbaar voordat met die werk begin word.

**14. Troeteldiere**

Gevalle kom nog voor waar honde los saam met eienaars sowel as sonder hulle eienaars in die strate van die Vakansiedorp beweeg. U aandag word gevestig op die Munisipale Regulasies, wat ook in die HVHV se Algemene Gedragsreëls vervat is, dat honde in u erf aangehou kan word. Buite u erf moet die hond aan 'n leiband wees en indien die hond ontlas, moet die ontlasting deur die eienaar opgetel/skoongemaak word.

**15. Privaat Hekke**

'n Beroep word op die onderskeie Straatkomitees / Hoofkoördineerders van die privaat hekke (waarmee sekere paaie afgesper word) gedoen om asseblief te verseker dat die hekke in goeie werkende toestand is en waar nodig asseblief aandag daaraan te skenk. Paaie waar sulke hekke aangebring is, moet steeds in noodgevallle

en vir munisipale dienslewering gebruik word en daarom moet die hekke ten alle tye maklik oopgemaak kan word.

**16. Straatnaambordjies**

Na afloop van die afgelope Paasnaweek is gevind dat twee straatnaambordjies deur voertuie half afgery was. Beide kon skoongemaak of reggemaak word en weer teruggeplaas word. Vyf ander straatnaambordjies was net weg en kon nie gevind word nie. Vyf nuwe bordjies was aangekoop en aangebring.

**17. Finansies en Begroting**

Bestuur is verheug om aan te kondig dat 'n kontrak met Wireless Alert onderteken is vir die instandhouding en gereelde skoonmaak van die kamerastelsel. Hierdie ooreenkoms sal help om te verseker dat die kameras optimaal funksioneer en dat beeldkwaliteit op 'n hoë standaard gehandhaaf word.
Daarbenewens is 'n nuwe kontrak vir drie (3) jaar met SMHART gesluit vir die voorsiening van sekuriteitsdienste by die Vakansiedorp. ‘n Jaarlikse verhoging soos wat deur PSIRA, die Beheerliggaam van sekuriteitsmaatskappye, bepaal word, sal betaalbaar wees. Die doel van hierdie aanstelling is om die veiligheid en sekuriteit van alle inwoners, gaste en eiendom verder te versterk.
Bestuur vertrou dat hierdie vennootskappe 'n positiewe bydrae sal lewer tot die doeltreffende bestuur en veilige omgewing van die Vakansiedorp.

Groete
HVHV Bestuur